**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 20 JUNIE 2023 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

## ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste *(waarnemend as Munisipale Bestuurder)* |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemend as Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite *(waarnemend as Direkteur Gemeenskapsdienste)* |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mnr. R Stander | : | Bestuurder: PMU en Boubeheer |
| Mnr. C Cornelissen | : | Hoof: Verkeersdienste |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Mnr. H Januarie | : | Stelsel/Netwerk Administrateur |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/06/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy die vergadering open met 'n stille gebed en versoek dat voorbidding gevra word vir die publiek in die geteisterde gebiede wat oorvloed is en vir die koue wat ervaar word.

***

**BKN002/06/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Daniels - afwesig met verskoning
Munisipale Bestuurder - afwesig met verskoning
Direkteur Gemeenskapsdienste - afwesig met verskoning

Die Voorsitter gee geleentheid aan die waarnemende Munisipale Bestuurder om die afvaardiging vanaf Menslike Nedersettings, me. Rehana Tiry, aan die vergadering bekend te stel.

Die Speaker meld dat Raadslid Du Plooy (*ex-officio)* verskoning gemaak het vir die vergadering.

Die Voorsitter reël dat item **BKN009** na **BKN003** bespreek sal word**.**

***

**BKN003/06/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Speaker, Interne Ouditeur en Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste verklaar hul persoonlike belange by item **BKN012**.

***

**BKN009/06/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: RIHANNA TYRA: HUMAN SETTLEMENTS / INFRASTRUCTURE**
**3/3/1/5**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en gee geleentheid aan me. Rehana Tiry. Me. Tiry gee breedvoerige terugvoer rakende die vordering van Bergrivier Munisipaliteit se behuisingsprojekte en doen 'n visuele voorlegging vir die Komiteelede ter kennisname.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die datum van "site establishment", die hulpverlening aan Bergrivier Munisipaliteit met grondaankope, die pad vorentoe na aftekening van die ooreenkoms en die tydraamwerk wanneer die behuisingsprojekte kan begin.

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Voorsitter bedank die afvaardiging vir die voorlegging, waarna die afvaardiging, Hoof: Behuisingsadministrasie en Stelsel/Netwerk Administrateur die vergadering verlaat om 15:08).***

**BKN004/06/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP WOENSDAG 03 MEI 2023 EN DINSDAG 23 MEI 2023**
**3/3/2/2**
***(Die notule van Dinsdag 23 Mei 2023 word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Woensdag 03 Mei 2023 en Dinsdag 23 Mei 2023, bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (V WILLEMS)***

***

**BKN005/06/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP WOENSDAG 03 MEI 2023 EN DINSDAG 23 MEI 2023**
***(Die Implementeringsverslae word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Woensdag 03 Mei 2023 en Dinsdag 23 Mei 2023.

***

**BKN006/06/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: NEW MUNICIPAL BUILDINGS FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY *(BKN029/05/2023)***
**3/3/2/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in en meld dat die finale konsep planne ingedien is en versoek dat 'n gespreksessie gefasiliteer word deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie om die planne te bestudeer om 'n ingeligte besluit te neem.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die koste-implikasie van albei opsies moet deel vorm van bogenoemde gespreksessie.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN007/06/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/06/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Op navraag van die waarnemende Munisipale Bestuurder bevestig die Voorsitter dat daar geen Staande Komitee vergaderings vir Julie 2023 gaan wees nie.

***

**BKN010/06/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/06/2023**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

***(Die Bestuurder: PMU en Boubeheer verlaat die vergadering om 15:11)***

**BKN012/06/2023**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE VERKEERSBOETES**
**17/10/3**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en versoek dat die Hoof: Verkeersdienste die werklike netto wins deurgee na al die uitgawes wat gemaak is ten opsigte van Verkeersboetes.

Hy spreek sy kommer uit oor die hoeveelheid fondse wat elke jaar afgeskryf word, die gebrek aan kommunikasie aan die oortreders om die fondse in te vorder en meld dat daar na die voorwaardes en spesifikasies gelet moet word met die aanstel van 'n toekomstige diensverskaffer met spesifieke verwysing na die wyse van invordering.

Addisionele inligting word gelewer deur die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die afskryf van die uitstaande boetes as swak skuld, goedgekeur word; en
2. Dat die afskrywing nie op Raadslede, Direkteure en alle munisipale amptenare van toepassing is nie.

***

**BKN013/06/2023**
**CONSIDERATION OF A MEMORANDUM OF UNDERSTANDING BETWEEN BERGRIVIER MUNICIPALITY AND THE SPORTS TRUST**
**17/7/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking / inligting.

***

**BKN014/06/2023**
**COMMUNITY SERVICES: RECRUITMENT AND SELECTION PLAN**
**4/3/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste die volledige opgedateerde werwingsplan aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versprei ten einde hul te vergewis van die aksies en prosesse wat plaasgevind het.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

***(Die Hoof: Verkeersdienste verlaat die vergadering om 15:16)***

**BKN015/06/2023**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 JUNIE 2023</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en bedank die werknemers van die onderskeie Tegniese- en Gemeenskapsdienste direktorate wat in die reën werk, die potgate herstel en hulp verleen aan die gemeenskappe.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN016/06/2023**
**<u>TEGNIESE DIENSTE: BEHUISING</u>**
**17/5/2/1**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

Die Direkteur: Tegniese Dienste lei die item in en meld dat me. Tiry al die behuisingskwessies opgeneem het in haar voorlegging.

**KENNIS GENEEM**

*******

**BKN017/06/2023**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 JUNIE 2023</u>**
**9/1/2**

Geen

*******

**BKN018/06/2023**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND ERF 189 EENDEKUIL</u>**
**7/2/3/1**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat 'n plan voorgelê moet word by die volgende Gemeenskapsdienste Komitee om duidelikheid te gee spesifiek waaroor die grond in die behuisingspyplyn gebruik gaan word en dat dit deel vorm van die verslae van toekomstige munisipale grondaansoeke.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die ligging van die erf, die bepaling en uiteensetting waaroor die grond gebruik gaan word gedurende die SDF-proses.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die vervreemding van Erf 189, Eendekuil nie toegestaan word nie, omdat daar 'n tekort aan Munisipale grond in Eendekuil is en die gedeelte grond vir toekomstige invul behuising deur die Munisipaliteit gebruik kan word.

***

**BKN019/06/2023**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ONGEREGISTREERDE ERF 488, EENDEKUIL ('N GEDEELTE VAN GEREGISTREERDE ERF 290, EENDEKUIL)**
**7/2/3/1**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat ongeregistreerde Erf 488, Eendekuil ±185m² groot ('n gedeelte van geregistreerde Erf 290, Eendekuil) benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering (sig afstand); en
2. Dat die eiendom nie vervreem word nie.

***

**BKN020/06/2023**
**ALIENATION OF MUNICIPAL LAND IN PIKETBERG FOR INDUSTRIAL DEVELOPMENT**
**7/2/1; FARM NO 241 PB**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That:

- Remainder Erf 4474 Piketberg (Industrial Zone II)
- Remainder Erf 4489 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4490 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4491 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4546 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4547 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4548 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4549 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4550 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4551 Piketberg (Industrial Zone II)
- Erf 4552 Piketberg (Industrial Zone II)

as well as road reserve (without road or engineering serves constructed)

- Erf 4473 Piketberg (Transport Zone II – Aloe Street, road reserve)
- Erf 4490 Piketberg (Transport Zone II – Aloe Street, road reserve)

are not required for minimum level municipal service delivery;

2. That the erven listed at (a) above be disposed of all together as one parcel to a land developer by means of public tender with the reserve price calculated at total valuation price of all the erven together (R 11 092 000) as well as the cost of advertising in 3 newspapers (R 6 500 x 3 = R 19 500) which amounts to a total reserve price of **R 11 111 500 (VAT inclusive)**;
3. The value of the land is regarded as a high value capital assist with a value more than R 10 million, the Municipal Financial Management Act, 2003: Municipal Asset Transfer Regulations Section 35 will have to be complied with;
4. That, depending on the outcome of the process to be followed at (c), the tender be advertised for 30 days;

5. That the purchaser will be responsible for paying the transfer costs;
6. That the cost of municipal services required for the industrial development will be for the account of the successful tenderer (land developer) and should be installed and/or upgraded to the satisfaction of the Municipality's Directorate Technical Services. A design for construction of Aloe Street (road reserve: Erven 4473 and 4490 Piketberg) and civil engineering services can be made available to the successful tenderer; and
7. That Bergrivier Municipality will be responsible for pointing out survey beacons of the erven to the successful tenderer and the replacement of any missing beacons.

***

**BKN020/06/2023**
**<u>PROPOSED CHANGES TO THE STAFF ESTABLISHMENT</u>**
**4/8**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in, waarna die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste 'n oorsig gee rakende die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die onderskeie Menslike Hulpbrondienste en Beplanning en Omgewingsbestuur afdelings met die harde werk wat hul lewer.

**<u>RESOLVED</u>**

That the item be referred to the next Executive Mayoral Committee and Council meetings scheduled for Tuesday 27 June 2023 for consideration and approval.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN022/06/2023**
**<u>INFORMASIE KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE STRATEGIESE PLAN 2023 - 2027</u>**
**6/2/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Korporatiewe Dienste Komitee die IKT Strategiese plan ondersteun en aanbeveel vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering;
2. Dat die implementering van die inisiatiewe onderhewig is aan goedgekeurde begrotings; en
3. Dat die IKT Strategiese plan jaarliks hersien en aangepas word soos nodig.

***HOOF: IKT***

***

**BKN023/06/2023**
**<u>ADDITIONAL INPUTS ON WORKPLACE SKILLS PLAN FROM DIRECTORS AND UNIONS</u>**
**4/4/1**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die direktoraat Gemeenskapsdienste die name moet deurgee aan die Menslike Hulpbrondiensbeampte: Opleiding en

Ontwikkeling van werknemers in Gemeenskapsdienste wat vir opleiding rakende die "perfect bounce" opleiding moet gaan, die instandhouding van die onderskeie sportvelde, die geleentheid om twee wetstoepassers die "drone" opleiding te gee, dat die moontlikheid ondersoek word om Wetstoepassingsbeamptes opleiding te gee om die "summons" opleiding te kry asook om werknemers op die "tree felling competence" kursus te sit wat toekomstige kostes kan verlaag.

**DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE**

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee approves the recommendations made in the report.

***

**BKN024/06/2023**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 JUNIE 2023</u>**
**9/1/2**

Geen

***

***(Die Speaker verlaat die vergadering om 15:36).***

**BKN025/06/2023**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENTS: APRIL 2023</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste lei die item kortliks in en meld dat sy 'n opgedateerde Kapitaalverslag aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee sal versprei.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat 'n gespreksessie gefasiliteer word deur die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste en Ducharme om hul prestasie te bespreek en dat 'n rekonsiliasie van die inkomste wat Ducharme gegenereer het voorgelê word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir moniteringsdoeleindes.

**DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (Waarnemend)**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder versoek dat die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste 'n gesprek gefasiliteer by die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering om die tekortkominge en uitdagings te bespreek en die pad vorentoe te bepaal van die invordering van boetes.

**DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (Waarnemend)**

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND COUNCIL</u>**

That the Executive Mayoral Committee and Council note the monthly budget statement and supporting documentation for April 2023.

***

**BKN026/06/2023**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORTS: APRIL 2023**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the April 2023 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**BKN027/06/2023**
**STATUS OF THE STORES AND THE SPENDING OF THE GRANT ALLOCATED FOR THE STORES**

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLED**

1. That the Executive Mayoral Committee take note of the report of Mubesko;
2. That the Executive Mayoral Committee take note that the store function will be phased in due to resource and budget constraints;
3. That all the current staff members at the stores be moved to the Finance Department as from 01 July 2023; and
4. That the acting Director Financial Services submits an implementation plan to the Financial Services Committee meeting (with the implementation date from 01 July 2024) in order to give sufficient time for the Financial Services directorate to complete the necessary administrative functions accordingly in the 2023/2024 financial year.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES (Acting)***

***

**BKN028/06/2023**
**VIREMENT POLICY**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die aanspreek van die onderskeie KPI's waarop evaluering gedoen moet word op afgehandelde kapitaalprojekte en nie op die geldwaarde nie.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie ten einde 'n bespreking te fasiliteer in Julie 2023, om die virementbeleid in lyn te bring met die voorgestelde riglyne vir viremente;
2. Dat die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste die riglyne vir verimente en Virementbeleid aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie moet versprei;
3. Dat 'n gesprek gefasiliteer word in Julie 2023, tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie om die "Preferential Procurement

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (Waarnemend)***

plan” te bespreek ten einde Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling te bevorder.

***

**BKN029/06/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 JUNIE 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN030/06/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 08 JUNIE 2023**
**9/1/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee kortliks terugvoer insake die “Small Town Regeneration” program.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN031/06/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN032/06/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN033/06/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD: UPPER LIMITS FOR SENIOR MANAGERS**
**5/15/2**

Geen bespreking.

***

**BKN034/06/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN035/06/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN036/06/2023**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

*******

***(Ten slotte meld die Voorsitter dat die Bergrivier Golden Games 2023 plaasvind op Woensdag 21 Junie 2023 om 09:00 en nooi hy die Komiteelede om deel te neem aan die staptog of aflos ter ondersteuning van die bejaardes.)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:11*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | ***DATUM*** |

***